
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.



*In 'n volksbeweging is daar geleentheid om ook helde te word.*

*In die partypolitiek is daar geleentheid om slegs stemvee te bly.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 14 OKTOBER 1942. No. 49.

## Calvinistiese Standpunt Teenoor Demokrasie Verduidelik

### Prof. Van der Walt oor Waarde van Tradisie

**Ons verhouding tot die tradisie was die onderwerp van 'n toespraak deur genl. prof. dr. A. J. H. van der Walt, Sekretaris van die Grootraad, by geleentheid van die Provinsiale kongres van die A.N.S. op Stellenbosch verlede week. Prof. Van der Walt het in duidelike taal die Calvinistiese standpunt teenoor die demokrasie gestel en beklemtoon dat dit by ons nie so seer oor 'n stelsel gaan nie as oor uitvoering van die ewige beginsels van die geopenbaarde Woord van God.**

Met betrekking tot die tradisie het spr. aangevoer dat ons eerbied daarvoor moet hê, maar aan die ander kant is dit 'n feit dat niks wat geword het en bestaan juis 'n stralekrans van heiligheid dra en gevolglik onaantasbaar is nie. In die woorde van Paul Kruger: neem uit die verlede wat goed en edel is en bou daarop die toekoms lê juis opgesluit ons gebondenheid en tegelyk ons vryheid teenoor die tradisie. **Elke historiese handeling moet getoets word aan die behoeftes van die lewende geslagte en aan die maatstaf van die goddelike wet.**

Met betrekking tot die gesagstaat waarna vandag gestreef word, het prof. Van der Walt gesê dat ons nou die verwyt toegeslinger word dat ons met die badwater ook die kind wil wegwerp, omdat nl., so word beweer, ons Calvinistiese tradisie in wyere sin, en ons volkstradisie in engere sin, die demokrasie aangewys het as prinsipiëel die suiwere regeringsvorm.

**Die Calvinisme gaan uit van die grondstelling dat alle gesag by God berus.** As Skepper van natuur en mens, as Onderhouer van alles, ook van die menslike samelewing, is God die oorsprong van die staat, wat Hy in Sy algemene genade ingestel het met dwanggesag van die staatsowerheid om die verwoestende uitwerking van die sonde te beteuel.

**Die owerheidsgesag berus dus prinsipiëel nòg op die volkswil, nòg op kontrak, nòg op usurpasie, maar op die wil van God.** In die staat geld die gebod van God, maar die positivering daarvan is aan mense opgedra, en die onderdaan is onderworpe aan die positiveringsbevel van die owerheid behalwe wanneer die bevele handelinge eis wat in stryd staan met die Goddelike ordinansies, soos geïnterpreteer, nie deur die individuele, maar die gemeenskaplike Christelike gewete. Calvyn het die gesag dus onwrikbaar gefondeer, maar terselfdertyd die wortel van alle tirannie deursny, deur sy leer dat ook die in die skepping en herskepping gegronde lewenskringe soos die volk, die huisgesin en die kerk 'n direk van God afgeleide gesag binne eie perke besit. Daarmee is die grondslag van burgerlike vryheid teenoor willekeurige tirannie gelê. **Maar nêrens is daar sprake dat die gesag uit die volk kom of dat die owerheid op prinsipiële gronde deur die volk, optredende as individue, daargestel moet word nie. Dit is nodig om hier baie duidelik te verklaar dat die begrippe vryheid en demokrasie hoegenaamd nie sinoniem is nie.**

Dat die Calvinisme in die geskiedenis medeseggenskap van die volkslewe in die regering bevorder het, is waar, maar wat beklemtoon moet word is dat **waar en wanneer dit gebeur het die doel was om die mag van wat beskou is as afgodiese of Gods wil weerstrewende owerhede in te perk, en nie omdat die Calvinistiese beginsels die medeseggenskap van die volk in die staatsgesag gebied nie.**

**Daar is in die geskiedenis ook duidelike gevalle waar Calviniste in direkte teëstelling tot die demokrasie gekom het.** Ek wil hier volstaan met twee voorbeelde te noem. Die eerste is die Nederlandse Republiek na die afswering van Philips II. Hier het die Calviniste, hoewel destyds maar 'n 10% van die bevolking, die mag vas in hande gegryp in die stryd teen Spanje. Om die mag te kan behou en die volk diensbaar te maak aan die bestryding van die volksvyand is in die stede die regte van die Gildelede om mee te werk in die verkiesing van die stedelike owerheid en deur hulle in die daarstelling van die staatsowerheid, opgehef omdat die meeste van die Gildelede nog Katoliek was en dus potensiëel Spaansgesind. **Die Republiek was dus inderdaad veel minder demokraties onder Calvinistiese bestuur as die Geweste tydens die Spaanse bestuur. Tog het ek nog nooit die bewering gehoor dat die Nederlandse burgers in die Republiek onvry was nie, of dat die eerste republikeine die Calvinistiese beginsels verkrag het nie,** het spr. verklaar.

Die tweede voorbeeld is die Engeland van Cromwell. Na die onthoofding van Koning Karel I het hy (nl. Cromwell) die volksverteenwoordigers in die sogenaamde Lang Parlement sonder gewetenswroeging huis-toe gestuur omdat hulle vir hulle in sy oog onbehoorlike magte opgeëis het, en ten slotte het hy geëindig met 'n militêre diktatuur om belange te beskerm wat hy hoër geag het as deelname van die volk, deur hulle verteenwoordigers, aan die wetgewing. Ek glo nie dat daar iemand is wat sal beweer dat hierdie groot Puritein daarmee die Calvinistiese beginsels ontrou was nie.

#### Geen Stelsel

Ons Christelike beginsels eis inderdaad nie een of ander besondere regeringsvorm nie, of dit nou demokrasie is of iets anders; daarom ook het Calviniste altyd weer opnuut stelling geneem teenoor die instellinge en behoeftes van hul tyd. **Die enigste, maar dan ook onverbiddelike eis, wat gestel word, en kan word, is dat die lewensvorme en die instellinge sowel as die sosiale- en staatspraktyke van alle tye moet beantwoord aan die ewige beginsels van die geopenbaarde Woord van God.** Ook vir ons, in hierdie tyd van omwenteling en volksnood is die behoefte van die volk en die beginsels van Gods Woord die enigste maatstawwe waarmee ons rekening hoef te hou.

Wat die demokrasie in die algemeen betref, d.w.s. die direkte deelname van die volk self, of deur sy verteenwoordigers aan die wetgewing en regering, staan ons prinsipiëel neutraal. Dit kan in sommige omstandighede goed wees, in ander skadelik. In sy wese gaan die stryd vandag ook nie teen die demokrasie as sodanig nie, maar teen die lewenshouding van die liberalisme wat wortel in die Franse revolusie, met sy atomistiese volksopvatting en sy geloof aan en beklemtoning van die vryheid van die individu. Soos elke lewens- en wêreldbeskouing het ook die liberalisme vir hom lewensvorme geskep waarin sy beginsels beliggaam en uitgeleef kon word, en die som van hierdie liberalistiese lewensvorm is die parlementêre demokrasie wat ons ken.

**Op materiële gebied het die ekonomiese liberalisme gelei tot uitbuiting van die swakke deur die sterke, van die ongeorganiseerde deur die goedgeorganiseerde; tot matelose rykdom naas skreiende armoede, oorproduksie naas hongersnood; tot periodieke „booms" en depressies, en eindelik tot werkloosheid en die volksvernieti-**

(Vervolg op bls. 2, kol 1)



## CALVINISTIESE STANDPUNT

(Vervolg van bls. 1)

**gende klassestryd. Teenoor hierdie dinge staan die parlementêre demokrasie magteloos.** Sy beheerrade, sy sosiale wetgewing, sosiale kongresse probeer wel die sosiale pyn lenig, maar kan dit nie genees omdat nie tot die wortel van die kwaad, die stelsel self, deurgedring kan word nie.

Op geestelike gebied is dit nie beter nie. 'n Byna onbeheerde pers en spreekvryheid, 'n swakbeheerde vermaaklikheidswese, het gelei tot karakterondermyning en verbrokkeling van 'n gesonde volksgesindheid.

### Skynvryheid.

Ten slotte is daar die staatsinstellinge en staatspraktyk waarin die liberalistiese beginsels beliggaam is, nl. die **parlementêre demokrasie,** met sy noodwendige party-organisasies en partyregering. Die skoonklinkende leuse is hier: **Deur die volk vir die volk;** maar ondersoek toon aan dat hierdie „deur die volk" grotendeels skyn is, en dat van die „vir die volk" weinig teregkom. In 'n parlementêre demokrasie is 'n goed en onpartydig ingeligte kieserskorps van die grootste belang. Hiervan kan egter weinig teregkom. **In werklikheid word die openbare mening grotendeels gevorm deur die pers, wat op sy beurt weer grotendeels in die hande is van die georganiseerde geldmag; of waar dit nie die geval is nie vir sy bestaan afhanklik van advertensies gekontroleer deur die geldmag. In plaas van 'n demokrasie kry ons dus 'n Mammonokrasie, 'n diktatuur van die georganiseerde geldmag, die ergste soort diktatuur denkbaar, omdat dit naamloos, onverskillig en wreed is, belustig slegs op wins en begunstiger van die belange wat sy wins kan vergroot.**

Die stelsel van partyregering self dra in hom opgesluit, uit die aard van sy wese, die kiem van magteloosheid. **Ook by die beste aanvangsbedoelinge weeg die partybelange, d.w.s. die noodsaaklikheid om stemme te behou en nuwe stemme te werf, en by individuele lede om setels te verseker, op die duur swaarder as die volks- en landsbelange. Daarom moet mens onder hierdie stelsel nooit na deurtastende maatreëls soek nie. Die partyregering gaan van kompromis tot kompromis.** Ons kan, wat ons land betref, maar net noem die vlagwetgewing, die wetgewing op kleurling- en naturellestemreg en soveel meer. Die partyregering kom eers tot deurtastende handeling wanneer dit sy eie wese verloën en self oorgaan tot 'n diktatuur, soos die huidige regering.

Teenoor die atomistiese volksopvatting van die liberalisme stel ons die organiese; teenoor die beklemtoning van die reg en die vryheid van die enkeling, die beklemtoning van die reg, die geestelike en liggaamlike gesondheid en die welvaart van die volksgemeenskap; teenoor die partyorganisasie en die stelsel van partyregering, die volksorganisasie of volksbeweging met die gesagstaat wat in nouste voeling met die volksbeweging tot stand kom.

Onder volk word verstaan die deur die drieheid bloed, bodem en kultuur-gemeenskap bepaalde entiteit.

### Die Volk.

In die volksbeweging geld as hoogste beginsel naas die eer van God, lotsgemeenskap van die enkeling binne die volk en nie binne 'n klas of klasse van die volk nie; verder selftug en dissipline in plaas van individualistiese losbandigheid; volksdiens in plaas van persoonlike winsbejag. Dis die taak van die volksbeweging om die volk in ooreenstemming met hierdie beginsels te organiseer tot roepingsvervulling. Dis die taak van die gesagstaat, wat in die nouste verbondenheid met die volksbeweging tot stand kom en handel, om deur regsvorming, regshandhawing en regstoepassing dit vir die volk as geheel, en vir die volksgenote afsonderlik, moontlik te maak om hulle volksroeping te vervul en 'n geestelike en materiëel gesonde volksgemeenskap op te bou en staande te hou.

In die nastrewing van hierdie ideaal kan ons ons des te sterker voel omdat ons op die sekere afspringplek van ons volkstradisie staan vir ons eie waagsprong in die toekoms. In die Boere-instellinge soos beliggaam in die Boerestate, was daar vreemde elemente en ook skadelike elemente. Maar in die kern van die instellinge het opgesluit gelê die **volkstaatsidee,** en in die praktyk is dit reeds tot 'n aansienlike mate beleef. Dis die wesenlike en gesonde kern nadat die oortollige en skadelike gewas van die plant weggesnoei is. Die beste hulde aan die volkshelde van die verlede is om op die gesonde fondamente van die volksgebou voort te bou, die swakke te erken en weg te breek.


# Schoemanello - Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING In 5-gelling vaatjies of meer |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

**Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

## JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142. OUDTSHOORN.



# VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.

Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA



# MARKAGENTSKAP

## Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.



# W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**



## SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

VOORTREKKER-MOTORKLUB BPK.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Komitee se Ope Brief aan Dr. Malan

**Onderstaande „Ope Brief" is deur die Saamwerkkomitee wat op 17 September 'n versoeningspoging in Pretoria probeer bewerkstellig het, gerig aan dr. D. F. Malan in antwoord op sekere aantygings en wanvoorstellings wat aangevoer word om die leier van die H.N.P. se weiering om sy mede-Afrikaners die broederhand te reik, goed te praat. Die brief is onderteken deur mnr. P. G. Visser, sekretaris van die komitee, en word effens verkort weergegee. Onthou sal word dat die komitee oorwegend uit H.N.P.-aanhangers bestaan het.**

Geagte Dr. Malan,—Ons het u verslag aan die Kongres oor ons „poging tot versoening" gelees in Die Transvaler van 18 September, maar kon skaars ons oë glo dat u, die leier van die magtige Nasionale Party, so kon afdaal om 'n indruk van gemene onderhandse huigelagtigheid van die Komitee van 21 en die ander drie leiers by die kongres te skep.

**Die Komitee het 'n paar wenke voorgestel wat gewysig of selfs van die hand gewys kon word as dit nie prakties geblyk het nie.** Hulle het geld en tyd opgeoffer om die saak so goed moontlik te dien. Nie 'n saak van individuele partye of organisasies nie, maar van bestaan van ons Nasie.

U het, nadat u verneem het dat die ander drie leiers ook teenwoordig sou wees, nee, nadat ons en hulle reeds teenwoordig was, laat weet dat dit nie die afspraak was nie. Mnr. Havenga, adv. Pirow en dr. Van Rensburg het hierop vertrek sonder dat die saak bespreek is omdat hulle geweier het om iets te bespreek in u afwesigheid, en ons het hiermee saamgestem.

U het opgedaag nadat hierdie drie here vertrek het en ons het u presies meegedeel hoe dit gekom het dat ons juis al vier die leiers bymekaar wou hê. Ons het aan u die eenparige besluite van verskillende vergaderings voorgelees en met nadruk verklaar, **nadat U dit beweer en as beswaar geopper het,** dat ons strewe **nie** 'n verkiesingsooreenkoms is nie, **maar 'n poging om die Afrikaners bymekaar te kry.**

U sal u herinner dat die Komitee deur sy woordvoerder u by herhaling vier maal die volgende vrae gestel het, en u versoek het om 'n direkte antwoord op elkeen te gee, nl.

1. **Is u bereid om af te stap van alle getwis en geskille.**
2. **Is u bereid om partybelange ondergeskik te stel aan die republikeinse volksbelange?**
3. **Is u bereid om alle geskilpunte tussen die leiers aan 'n volksreferendum te onderwerp?**
4. **Is u bereid om die ander drie leiers te ontmoet en die broederhand te neem?**

## SY ANTWOORD

Hierdie vrae sou ook aan die ander drie leiers gestel gewees het as hulle toegelaat was om teenwoordig te wees. **Hierop het u keer op keer die Komitee verwys na die feit dat 'n eleksie-ooreenkoms nie op die voorgestelde manier gedoen word nie, as ook dat die volk moet terugkeer na die basis van 3 Junie 1941, nieteenstaande die Komitee u keer op keer verduidelik het dat hulle nie aandring op 'n eleksie-ooreenkoms nie en dat die voorstel van terugkeer na die basis van 3 Junie reeds vyftien maande 'n mislukking was — „neem as bewys hoe verdeeld die volk is na al hierdie maande."**

Ons het ook aan u verduidelik dat, hoewel u ons eerste versoek om saam met die ander drie leiers te vergader, van die hand gewys het, weer by u aangedring het — altyd nog met dieselfde doel. **As u dit anders opgeneem het is dit jammer, het ons u oor en oor beduie, maar dit was ons opvatting en bedoeling. U het dus, toe u van ons af na die kongres is, goed geweet hoe die vurk in die hef steek. Tog gaan u direk vandaar en gee die kongres en die hele land 'n wanvoorstelling, nl. „dat WEERSYDS aangeneem was", dat die eerste voorstel van die baan is!**

U was slim, en het 'n verdraaide verslag onmiddellik die land ingestuur. In die inleidingsartikel van Die Transvaler word beskryf hoe geprobeer was onmiddellik na die Uniale Kongres om twyfel en onsekerheid te laat ontstaan en dat dit opvallend is dat adv. Pirow, dr. Van Rensburg en mnr. Havenga blykbaar saamstaan en betrokke was by 'n poging om dr. Malan onverwags by 'n onderhandeling wat hy tevore klaar geweier het, in te sleep, en verder dat 'n welmenende komitee die middel geword het om so 'n taktiek te help bevorder. **Hierdie insinuasie is laakbaar, en as die volk hier 'n oordeel moes vel sou ons nie aan die uitspraak twyfel nie.**

Nouja, ons kan Die Transvaler nouliks kwalik neem dat hy die saak so opgeneem het, ná u toespraak. **Dit is egter ons plig om onomwonde te verklaar dat nòg adv. Pirow, nòg dr. Van Rensburg, nòg mnr. Havenga hierdie aantyging verdien het, aangesien aldrie deur die Komitee genader was, net soos u, om 'n samespreking te hou met die doel soos reeds uiteengesit.**

## „GEWEN"

Hierdie „welmenende" Komitee aanvaar dus volle verantwoordelikheid vir enige sogenaamde „taktiek", en dit spyt hom dat sy poging so 'n „verwarring" veroorsaak het. Verder moet ons u herinner dat die datum van hierdie samekoms, nl. die dag ná die Uniale Kongres, nie deur die drie verdaggemaakte here of die Komitee bepaal was nie, **maar deur uself,** en daarom vind ons die aantyging in bogenoemde inleidingsartikel so **onregverdig.**

En nou geagte Dokter, 'n laaste woordjie. Ons het probeer 'n strooitjie bydra tot opbou van ons Afrikanerdom in alle eenvoud en opregtheid; God weet dit. Ons poging het misluk. U het gewen. So meen u. So het die kongres gemeen en so Die Transvaler, albei na u verdraaide voorstelling. **Ons bedoeling was nie dat enige party of organisasie moes wen nie, ons wou help dat die volk moes wen.**

**Deur u politieke gebruik of miskien misbruik van omstandighede het u moontlik gewen of voordeel behaal, EIE-voordeel eerstens, en party-voordeel ook.**

**Ons het „verloor"; beter en groter manne as ons het al „verloor" en swakker en kleiner manne as u het al „gewen"! Maar so 'n oorwinning wou ons ook nie hê nie.**

**Al wat ons kan sê is: God behoede ons volk vir daardie soort „oorwinnings"!**

## BESKULDIGINGS EN FEITE

Op 25 Oktober 1941 het adv. C. R. Swart, leier van die H.N.P. in die Vrystaat, die volgende gesê: „Voor dr. Van Rensburg op die terrein verskyn het, is ons, wat die O.B. gelei het, gedurig vervolg en bespied. Klopjagte is op ons huise en kantore uitgevoer en dreigemente is teen ons gelos. **Maar nou is dit alles stil.** Nou stel genl. Smuts en min. Lawrence die volk gerus deur die versekering dat die O.B. nie meer gevaarlik is nie. **Hierdie verskynsel moet vir die Nasionaliste betekenisvol en onrusbarend wees."**

**Sedert hierdie beskuldiging is vier lede van die Grootraad geïnterneer of in tronke gestop. Hulle is A.K.G. C. L. de Jager, A.K.G. O. L. Nel, genl. D. P. Eloff en genl. J. F. van der Merwe. In die afgelope paar weke alleen is vier hoofgeneraals en generaals en talle ander hoë offisiere van die O.B. gevange geneem.**

## KOMGHA

Die Komgha-kommando het 8 Augustus op die plaas van mev. Els gevier en die geesdriftige groep het £31-10-0 byeengebring, wat besonder goed is vir die klein plekkie.




'N VOORBRAND PRODUK
*TANS IN VIER*
VERPAKKINGS:
GEEL — — — lig
BLOU — — middel
ROOI — — — populêr
GROEN — donkerpyp
Voorbrand
Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200
JOHANNESBURG

O.B.-MUSIEKBUNDELS
2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.
Bevat die
OSSEWABRANDWAG-LIED

O.B. Almanak vir 1942
'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.
Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.
Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.
PRYS 9d. POSVRY
6/- PER DOSYN
Bestel van
O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkersgebou 403, Johannesburg

BELÊ U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBONDKAS BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

Ondersteun ons Adverteerders

DIE O.B., WOENSDAG, 14 OKT. 1942.

# Volksvreemd!

Ons het tevore daarop gewys hoe in die partypolitiek los van die werklikheid gedink word, hoe daar gebruik gemaak word van terme en slagkrete waarvan die inhoud by die spreker geen werklikheid is nie, maar slegs as holle klanke aangewend word om stemme te trek en die volksmassa in beroering te bring met die oog op partyvoordeel. Later as dieselfde politici aan bewind kom en geleentheid het om daardie slagspreuke in dade om te sit, hoor niemand ooit weer daarvan nie.

Wanneer dus politici, wat die een dag oorlog teen 'n volksbeweging verklaar omdat hy ,,'n politieke party geword het" en die volgende dag weier om vrede met daardie volksbeweging te maak omdat hy ,,nie 'n politieke party is nie" of wat in een volsin praat van 'n leier wat ,,homself aangestel het" en vir wie se aanstelling ,,ses gestem en vyf teengestem het", ons sê, as sulke politici sekere bewerings van die politieke verhoog af maak, behoort daar geen notisie van geneem te word nie. Dit is politieke taal wat bedoel is om soos miswolke in die lug rond te sweef en slegs dien om die uitsig te benewel. Wanneer hierdie uitlatings egter van ,,verantwoordelike politici" afkomstig is en deur die pers onder die volk ingedra word, kan ons dit ongelukkig nie met die minagting bejeen wat dit verdien nie.

So 'n bewering word tans van verhoog tot verhoog gedoen deur dr. Malan waar hy sê: ,,Die nasionaal-sosialisme wat die Ossewabrandwag wil invoer is vreemd en daarom het dit verdeeldheid geskep." Iemand wat meer bekommerd is oor die waarheid as oor setels sou eers ondersoek ingestel het na die Ossewabrandwag se beleid om daaruit te verneem of hy iets vreemds voorstaan of nie. Dr. Malan het hom egter blykbaar nog nie die tyd gegun om die O.B. se beleidsverklaring soos vasgestel in sy brosjure ,,Die Ossewabrandwag: Vanwaar en Waarheen" te lees nie, of anders weet hy nie wat Calvinisme is nie. Want daarin (bl. 23) lees ons die volgende, en ons laat dit aan die onbevooroordeelde leser oor om te besluit of dit Calvinisties of ,,volksvreemd" is:

**,,Eie Lewensbeskouing."**

,,In die hervorming en geestelike herbewapening van ons volk tree die O.B. as volksbeweging in die eerste plaas op, nie teenoor die gevolge en vrugte nie, maar teen die oorsaak van ons volksverval — die **liberalisme! Ons eerste plig is hier om teenoor die liberalisme te stel en te handhaaf ons EIE LEWENSBESKOUING. Dit is die CHRISTELIK-NASIONALE GEDAGTE wat ons langs die weg van die geskiedenis kan terugvoer tot ons vroegste voorgeslagte en wat aanpas by ons volkskarakter en behoeftes.** Trouens 'n volk leer sy lewensopvatting die beste uit sy geskiedenis.

**,,As uitgangspunt dien daarom die eie Christelik-nasionale lewensbeskouing,** maar dan in aansluiting by die wêreldhervorming wat aan die gang is. In die eerste plaas snoer die Christelik-nasionale gedagte as 'n bindende krag ons volkslewe saam tot 'n lewende organiese volksgemeenskap. Die volk is 'n lewende eenheid, dit anker in een en dieselfde bodem, spruit uit een bloed en beweeg tot een bestemming. Verdeeldheid, verbystering en verwarring is altyd die wrange vrugte van 'n volksvreemde gedagte (by voorbeeld die demokratiese partystelsel!—Red.). Daarteenoor handhaaf die Ossewabrandwag 'n lewenskragtige volkseenheid wat hom uitleef in dieselfde, eie lewensruimte, trou bly aan sy eie bloedadel, gerig op dieselfde ideaal en vashou aan dieselfde lewensopvatting . . . .

**,,Om dit moontlik te maakak, wil die O.B. as volksbeweging ons hele volk saamtrek onder een gesag. Dit stel daar die noodsaaklikheid van dissipline wat berus op die Goddelike regswet as hoogste gesag,** en gehandhaaf word deur 'n kragtige volksleiding, wat **regeer** en **dien,** met eweveel gesag as **regverdigheid,** met **krag** en **verantwoordelikheid.** Hierdie dissipline strek hom uit oor die hele volkslewe, met inagneming van die beweegruimte wat nodig is vir elke lewensterrein om te beantwoord aan sy eie doel!"

**Onderwys.**

En op bl. 44 lees ons die volgende in verband met die onderwys: ,,Die volksbeweging beklemtoon daarby die plig van die onderwysinstellings **om in Christelik-nasionale sin die opvoeding van die volksjeug te volbring** en eis as eerste voorwaarde dat die onderwys en opvoeding deur die moedertaal gegee moet word; **dat die onderwysinrigting 'n Chirstelike karakter en nasionale gees moet dra** ten einde die liefde vir die taal as natuurlike vertolker van die volksgees te verryk en te verdiep. **Die opvoeding moet verder daartoe dien om die Christelik-nasionale lewensbeskouing by die jeug te versterk en te verinnig en om die nodige trots op die geestesrykdomme, kunsprodukte en kultuurprestasies van die volk te versterk tot 'n gesonde waardering en kragdadige uitbouing."**

Dit is 'n paar grepe uit die Ossewabrandwag se beleid. **Indien dr. Malan nog staan by sy standpunt van 1927 toe hy opgetree het as kampvegter van die liberalistiese sogenaamde Gewetensklousule wat Christelik-nasionale hoër onderwys onmoontlik gemaak het terwille van die klompie Jode en vrydenkende belastingbetalers in ons land, dan kan ons deeglik verstaan waarom hy hierdie Christelik-nasionale beleid van die O.B. as ,,volksvreemd" beskou, maar dan is dit ook nodig dat die volk oor die saak ingelig word.**

Ons sal in die vervolg gereeld grepe uit ons beleidsverklaring plaas sodat elkeen vir homself kan sien waar die O.B. staan. **Indien iemand daaraan aanstoot neem, sal dit vir die volk duidelik wees dat so iemand hom nie vereensewig met die Christelik-nasionale of Calvinistiese lewensbeskouing van die Boerevolk nie, maar vreemde begrippe aanhang, of so nie doelbewus onwaarhede verkondig met die oog op eie-belang.**

## GROOTRAAD WAARSKU TEEN WANPRAKTYK

In verband met die behandeling van persone wat aangehou word vir politieke oortredings en van geïnterneerdes, is die volgende besluit geneem deur die Grootraad op sy sitting van 1 Oktober 1942 te Bloemfontein:

**,,Die Grootraad van die Ossewabrandwag in sy sitting van 1 Oktober 1942, besluit eenparig om ten sterkste te waarsku teen die langdurige aanhouding — soms vir maande — van sy lede en ander Afrikaners deur die Departement van Justisie sonder dat 'n aanklag teen hulle ingebring word, waardeur en waarvolgens in 'n bevoegde hof hulle skuld of onskuld bewys kan word. Hierdeur word die mees elementêre regte van die burgers verkrag, sonder dat daardeur die handhawing van rus en orde beter in die land bevorder word, as wat dit sou gebeur het wanneer die reg van spoedige verhoor gehandhaaf word. Hierdie misstande het inteendeel die neiging om groter verbittering en gevolglik groter onrus te skep.**

**Verder word gewaarsku teen die verkragting van alle gesonde beginsels van regspleging deur intimidasie van persone so aangehou deur o.a. persone met internering te dreig tensy hulle die gewenste verklaring aflê of onderneem om skuldig te pleit.**

**Hierdie tiranniese metodes saai draketande wat vinnig opskiet.**

# Vrugbare Sitting van Grootraad

Van 3 tot 5 Oktober jl. het die Grootraad in Bloemfontein vergader tesame met die leiers van die verskillende studielaers onder leiding van prof. J. L. du Plessis. By dié geleentheid is die verslae van die verskillende vertakkings van die uitgeboude Grootraad ontvang en in gesamentlike sitting behandel. Kenmerkend van hierdie samekoms was die enorme hoeveelheid opbouende werk wat gelewer is en die vrugbare besprekings in verband met die verskillende volksaangeleenthede — maatskaplike, staatkundige, ekonomiese, kulturele hervormings in ooreenstemming met die volksbeleid wat deur die Ossewabrandwag verkondig word.

**Merkwaardig, dog daarby ook kenmerkend van die Ossewabrandwag, was die treffende ooreenkoms tussen die verskillende studielaers insake besonderhede wat in die beginsels opgesluit lê tot herskepping van die grondslae en instellings van die staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslewe van die volk op die grondslag van 'n Christelik-nasionale republikeinse gesagstaat.**

Hierdie vrugbare werk is gelei en gevoer ooreenkomstig die beginsels en beleid van 'n Afrikaans-nasionale en sosiale aard om hom aan te pas by die lewenswyse, morele en godsdienstige opvattings van die Afrikanervolk, en streef na die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van volksgeluk en volkswelvaart, sowel geestelik as stoflik.

Samevattings van hierdie uitgewerkte idees sal van tyd tot tyd in ons blad en langs ander weë openbaar gemaak word as leidraad vir die dienslaers.

'16 Takke 41,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN

**SASBANK**
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan,* *Stellenbosch.*

# Fondsdagviering in Vrystaat het Stoutste Verwagtings Oortref

## Verslag van die Hoofkwartier O.V.S.

**Die viering van Fondsdag in die Vrystaat was deurgaans gekenmerk deur geesdrif. Dwarsdeur die hele Vrystaat het Brandwagte saamgekom om die verjaardag van die Ossewabrandwag te vier. Op talle plekke was meer mense byeen as ooit tevore, selfs toe die Ossewabrandwag op sy sterkste was. In kort, dit lyk of die Ossewabrandwag 'n herlewing ondergaan het.**

Man, vrou en kind het saamgekom en almal het hartlik saamgewerk om fondse in te samel. Baie oorspronklike metodes is aangewend om fondse te in en bykans £3,000 is ingebring. Die Winburgkommando, 4A6, se opbrengs was £200 wat besonder goed is in die omstandighede. Weëns die feit dat Nagmaal oor 'n groot deel van die Vrystaat saam met Fondsdag geval het, is reëlings getref dat op plekke waar hulle saamval, die funksies voor of na Fondsdag gehou moet word, maar so na aan 8 Augustus as moontlik. Hierdie reëling het as gevolg gehad dat die Kommandant-generaal op meer as een plek in die Vrystaat met Fondsdagviering teenwoordig kon wees. So b.v. was hy op 1 Augustus op Parys en met die hooffunksie op 8 Augustus op Kroonstad, waar meer as duisend mense aan die verrigtinge deelgeneem het. Hoewel die Suidelike Vrystaat weens Nagmaaldienste op 8 Augustus besluit het om vir die K.G. tot 3 September te wag, was die funksie in hierdie sogenaamde swak deel in die Vrystaat, besonder geslaagd. Die aand van 5 September was op Smithfield, b.v., nie minder as 800 mense teenwoordig toe die K.G. daardie afdeling toegespreek het.

Hoofgeneraal ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, was die hoofspreker in die Vrystaatse hoofstad op 'n funksie wat bygewoon is deur meer as 800 mense te Estoire. Op Harrismith het prof. L. J. du Plessis, hoof van die Grootraad se beleidsafdeling, op 22 Augustus as hoofspreker opgetree. Die waarnemende A.K.G., generaal J. F. van der Merwe en die vroue-hoofoffisier van die Vrystaat, genl. mev. C. Meyer, was saam met die K.G. op Kroonstad, terwyl generaal Van der Merwe ook op die meeste plekke wat die K.G. in die Suidelike Vrystaat besoek het, teenwoordig was.

Ons dank gaan uit na generaal mev. Meyer vir die besonder praktiese wenke wat sy aan die hand gedoen het om die reëling van Fondsdag so 'n reuse-sukses te maak. Dit is grootliks te danke aan die inspirasie en besieling wat van haar uitgegaan het, wat die deurslag gegee het tot sukses; ook aan die vroue en al die ander Brandwagte wat so hartlik saamgewerk het. Ons wil ook die Kaapse O.B.-vroue bedank vir die geskenk van 'n pragtige skildery (geskilder deur mev. Ferguson-Louw) aan die Vrystaat. Dit word nou in die Vrystaat as wisselprys gebruik. Jaarliks word dit toegeken aan die vroue-kommando wat die meeste fondse insamel. Vanjaar egter het dit gegaan aan die kommando, mans of vroue, wat die grootste bedrag gemiddeld per lid daarvoor opgestuur het. Die kompetisie was geesdriftig en die wennende kommando, 1B2, van Bloemfontein, was met 6/8 net 'n ½d. voor die tweede kommando, 4A6. **Die totale bedrag van £83 2s. 6d. is op hierdie manier ingesamel.** Verder wil ons ook al die Adjunk-raadslede bedank vir die mooi manier waarop hulle gewoeker het met die pond wat deur generaal mev. Meyer aan elk van hulle toegeken is. **Met die £11 wat daar aan hulle almal toegeken is, is gewoeker tot £71 13s. 6d. ingesamel is. Hoofkomdt. mev. H. C. van der Merwe het met haar £1 gewoeker totdat sy £22 11s. 0d. gehad het.** Ons is ook dank verskuldig aan veldtkt. C. J. Swart van Grasland, P.K. Sperville, wat 'n pragtige ossewaentjie geskenk het en wat by wyse van die Amerikaanse opveilstelsel £31 10s. 11d. ingebring het.

Ten slotte wil ons nogmaals man, vrou en kind wat so mooi saamgewerk het, van ons hartlikste dank verseker. Aan die oproep van ons geëerde Kommandant-generaal is gehoor gegee op 'n wyse wat selfs ons stoutste verwagtings oortref het.

Omdat sommige funksies so laat gehou is, het al die bydrae die hoofkwartier nog nie bereik nie. Die hoogste bedrag totsover is ingebring deur generaalskap 6, nl. £616.

## WEDSTRYD VIR GESINNE

**By geleentheid van die verjaardagviering van die Kommandant-generaal en Assistent-kommandant-generaal op Vrydag, 16 Oktober, in die Paarl sal 'n prys uitgeloof word aan die gesin met die meeste kinders op die vergadering. Die ouers wat deelneem, moet hul kinders na die vergadering bring. Die seuns moet in vaal broeke en wit hemde gekleed wees en die dogters in wit.**

## „SKEURING"

Ons merk dat dr. Malan op Kroonstad en elders verklaar dat die Ossewabrandwag die A.N.S. geskeur het en dat „die Calvinistiese Bond besig is om in flenters geskeur te word" deur die O.B. se toedoen.

Wat die A.N.S. betref, wil die feite egter **dat alle O.B.-studente nog aan die A.N.S. behoort. Waar daar geskeur is, het die skeuring dus beslis nie van O.B.-kant gekom nie — net soos die Party ook nog nie geskeur is omdat O.B.-lede eenparig daaruit bedank het nie.**

Wat die Calvinistiese Bond betref, is ons glad nie bewus van enige skeuring wat daar aan die gang is nie, **maar blykbaar weet dr. Malan meer van moontlike skeurplanne wat in dié verband gesmee word as ons.**

## WENK VIR LAPPIESKOMBERS

Die volgende wenk aan vroue om 'n heuningkoek-lappieskombers te maak, word gegee deur sers. mev. E. Botha, wat voorligting in naaldwerk in die Kaapstadse Vriendskapsentrum gee:

Die maklikste is om 'n kombers van wasbare lappies te maak. Versamel eers baie lappies. Alle soorte lappies en kleure word nie sommer deurmekaar gebruik nie; daar moet een of ander patroon in wees wat deur die donker lappe aangegee word. Die kleurharmonie moet ooreenstem met die patroon. 'n Maklike manier is om gekleurde strepe in een hoofkleur te gebruik. Teken 'n seshoek met kante van sô twee duim. Knip vyftig of meer seshoeke uit ou huwelikskaartjies of iets dergeliks wat nie te slap is nie. Sit nou 'n papiertjie op 'n lappie, vou om en ryg vas (die lappies moet 'n halfduim groter wees as die papiertjies). Werk die lappies met 'n fyn oorhandse steek aanmekaar op die verkeerde kant, en trek dan die rygdrade uit, stryk die omgevoude randjies goed vas en haal die papiertjies uit — laasgenoemde kan weer gebruik word. Voer die kombers met 'n goeie nuwe materiaal uit. Die kombers moet opgestop word met vere of stukkies flennie en ander wolstowwe.

'n Ander metode is om die lappies op die regte kant met 'n veersteekie op mekaar te werk. Een deurlopende kleur word vir al die lappies gebruik. Die metode is besonder geskik om lappies kruis en dwars op te werk (die sogenaamde „crazy"-patroon).

## VREEMDE ONKRUID OP EIE BODEM

(„TUINIER")

Sommige persone, veral partyleiers, is deesdae erg begaan daaroor dat ons toekomstige regeringsvorm op die grondslag van ons „demokratiese volksverlede" ingerig moet wees. Dit moet dan 'n demokrasie wees, verskillend van die „Brits-liberalistiese demokrasie, soos by ons bekend."

Ontleed ons egter die grondslae van die demokrasie wat vir die toekoms voorgestaan word, **dan vind ons dat dit na sy wese dieselfde is as die geskiedkundig geworde liberalisties-demokratiese state van die negentiende eeu,** en dat dit, soos dit op die grondslag van ons eie verlede opgebou wil wees, slegs 'n afskaduwing van die Britse demokrasie van ons verlede bly. **Dink maar net aan die partystelsel wat die demokrate van die toekoms wil bly behou.**

Die demokrasie wat hierdie persone vir die toekoms voorstaan, verskil slegs uiterlik van die Britse demokrasie en tas geensins die wese daarvan aan nie. Hierdie uiterlike verskille raak en verander nie die grondslag en wese van die liberalisties-demokratiese stelsel nie. Dit is bloot verskille wat vanweë praktiese lewensomstandighede ontstaan.

As die Afrikaanse demokrasie van die toekoms dan op nuwe nie-liberalistiese en nie-individualistiese grondslag uitgewerk wil wees, en in wese van by voorbeeld die Britse demokrasie wil verskil, **dan is dit geen demokrasie meer nie, maar heeltemal iets anders.** Met dieselfde begrip kan 'n mens tog nie iets wesenlik anders aandui nie, tensy jy onlogies wil wees.

Die Afrikaner het genoeg kennis van die demokrasie opgedoen om te weet dat dit vir hom niks anders as volksverdeeldheid en volksverslawing gebring het nie. Dit maak nie saak watter kleed hy omgehang word nie; in sy wese bly hy dieselfde.

'n Onkruid wat op eie bodem oorgeplant is, word tog nie 'n bruikbare plant net omdat dit in die eie bodem wortel geskiet het nie!

Nee, die Afrikaner sal tevrede wees met niks minder nie as 'n ware republikeinse Volkstaat, gewortel in die organiese volksbeskouing van die Afrikanerdom.

Somerjassies
IN SY (uitgevoer)
en
SWAARLINNE,
is baie populêr
*Koop dit by*
Steyns
PAROW
Die Skiereilandse Moderne
Afrikaanse Dames-Modiste

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, KAAPSTAD.

## „ALIAS LITWINOF"

In die anti-Nazi-boek „European Jungle" van Yeats-Brown — Eyre & Spottiswoode, Londen, 1939 — lees ons op bl. 182 die volgende aliasse van Litwinof, Russiese Minister van Buitelandse Sake:

. M. Meyer Moses Polyanski; alias Enoek Finkelstein; alias Gustav Graf; alias Buchmann; alias Harrison; alias Maximovitch; alias Wallach; alias Beer; alias Litwinof.

Hierdie staatsman en „kampvegter van die Christendom" het dus tot dusver altesame nege name aangeneem.

## MAG „BROOD" NIE AANRAAK VAN BEROEPSPOLITIKUS

„Deur middel van 'n deputasie, **êrens uit die mieliewêreld** van Midde-Transvaal . . ." In hierdie taal van Die Volksblad wat spreek van minagting, word die volk verdag gemaak teen die Saamwerk-komitee wat op 17 September 'n poging aangewend het om die Afrikanerleiers byeen te kry. „Êrens uit die mieliewêreld"! **'n Mielieboer het geen reg om te pleit vir die eenheid van sy volk as beroepspolitici vir verdeeldheid pleit nie.** En 'n professor het ook geen reg om hom vir volkseenheid te beywer nie, want dit is „onbehoorlikheid" en inmenging in die party se sake, daardie party wat almal van die pad van Suid-Afrika afskop wat beskou word as moontlike persone of bewegings wat die republiek vóór die party kan bring. **Politiek en volksaangeleenthede is iets wat voorbehou word vir die beroepspolitici — daardie mense wat van hul setels afhanklik is om hul daelikse brood te eet. 'n Mielieboer en 'n professor het geen reg om hom in te meng met wat beskou word as ander se brood nie. Dit is partypolitiek, en dit is hierdie ding wat die O.B. wil vervang deur volkspolitiek waarin elke Afrikaner die reg sal hê om iets in belang van sy volk te doen.**

## GEEN VERSKIL IN OFFERS

Hoe min verskil die broederstryd in die daadkrag van die Ossewabrandwag teweeggebring het, blyk o.a. uit die opbrengs van Mosselbaai op 8 Augustus. Voor die skeuring het die H.N.P. verlede jaar 'n basaar gehou waaraan die huidige O.B.-lede aldaar deelgeneem het. Die opbrengs by dié geleentheid was £126. Op 8 Augustus het die O.B. se basaar £126-6-0 opgebring.

## K.G. BESTAAN UIT ELF

In sy toespraak op Kroonstad verlede week het dr. Malan in sy ywer om die Kommandant-generaal verdag te maak die volgende teenstrydigheid kwytgeraak volgens verslag in Die Burger:

**„Dr. Van Rensburg het homself aangestel.** Selfs Duitsland het nie eens dit gedoen nie . . . Maar wie het dr. Van Rensburg gekies? **Ses het vir hom gestem en vyf teen hom."**

Die verslag voeg by dat daar gelag is.

## O.B. SE RUIME BYDRAE I/S KRUGERSTANDBEELD

Die volgende brief is deur die sekretaris van die Krugergenootskap aan die O.B.-hoofkwartier, Johannesburg, gerig in verband met die O.B. se bydrae tot die verskuiwing van die Krugerstandbeeld:

„Met dank erken ek ontvangs van u skrywe van 19 deser tesame met tjek vir £433 7s. 9d.

Namens my bestuur wil ons graag ons opregte dank en waardering uitspreek vir die welwillende samewerking om hierdie mooi bedrag in te samel.

Graag sou ons ook ons opregte dank wil betuig aan al die lede van u beweging wat tot die fonds vir die verskuiwing van die Krugerstandbeeld bygedra het."

## NOG 'N GENERAAL AANGEHOU

Genl. H. B. de Wet wat onlangs deur die Nasionale Pers in Port Elizabeth in die pad gesteek is en sedertdien aan die Kaaplandse hoofkwartier verbonde was, is verlede week deur die speurders in hegtenis geneem. Die rede vir sy aanhouding is nie bekend nie.

## „DIE VOLK SE SKULD"

„As nasionaal- en republikeinsgesinde Suid-Afrika selfs dan nog verdeeld **wil** staan, sal alle hoop op vryheid soos 'n soete maar ydele droom verdwyn. Ons diep-teleurgestelde en ontnugterde volk sal dan sy Godgegewe geleentheid om sy bestemming te bereik, gemis het. **En hy sal self die skuld daarvan moet dra."** Aldus dr. Malan voor die Uniale kongres in Pretoria.

**Nou word die skuld op die volk gepak asof dit die „volk" was wat op 27 Augustus 1941 op Stellenbosch 'n ultimatum aan mede-Afrikaners uitgeslinger het oor die publikasie van 'n Christelik-nasionale grondwet, en nie die „Volksleier" nie!**

En nou moet ons verneem dat dit die volk is wat „verdeeld WIL staan", maar op daardie tydstip het ons uit die „Volksleier" se mond self verneem dat **„die volk wil nie skeur nie, die volk het eenmaal besluit om bymekaar te kom"!**

Sou dr. Malan begin bang word vir die afrekening van 'n „diep-teleurgestelde en ontnugterde volk" met diegene wat die skeuring veroorsaak het met ultimatums en oproepe tot 'n stryd wat „kort en beslissend" moes wees, dat hy die volk nou wil probeer wysmaak dat dit alles maar sy eie skuld is?

**Kontant vir U Spaartyd**

VERDIEN MEER AS U SALARIS DEUR ONS POPULêRE REEKS VAN

***KERSFEESKAARTE***

(Ontwerp deur **A. P. DU TOIT**)

AAN U VRIENDE TE WYS. VIR VERDERE BESONDERHEDE SKRYWE AAN

**A. P. DU TOIT. ATELJEES**

**POSBUS 156 - - - - - - - - - - PRETORIA.**

**KERSFEES-KISSIES**

Bespreek dadelik u Kersfeesbestelling **KISSIE No. 5, ses bottels wyn en ses ou Brandewyn** vir 46/6. Ryloon is betaal na enige Uniestasie. Stuur die kissie en bottels terug en u kry 4/- terug.

**Kontant met bestelling of K.O.A.**

Vra vir ons Pryslys.

BRINK BROERS BPK, MONTAGU.

**DE KOCKS se GARAGE**

**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl.** | **Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.**

***Eienaar: D. D. DE KOCK***

**Agente vir Pontiac en G.M Vragmotors**

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**

**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

**DAHLIAS:** „Sonskyn Versameling" 11/- vir 6; 21/- per dosyn. „Sonstraal Uitdaag Versameling" 21/- vir 6.

**KRISANTE:** Reusagtige Vertoonsoorte fraaiste kleure. 15/6 en 17/6 per dosyn.

**PERGRAS:** Spesiale Tipe 21/- per sak.

Palms, Heiningbome, Sierbome. Roosplante vir Januarie planting. KATALOGUS GRATIS.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds Erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 4,363 | 10 | 7 |
| Burghersdorp Manne-Kommando .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Beaufort-Wes dorp en goedgesinde Afrikaner | 22 | 6 | 6 |
| Maandelikse bydraes, Julie, Aug. en Sept. Porterville Vroue-Kommando | 11 | 1 | 0 |
| Lys 616 Bellville .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3 | 3 | 9 |
| Vriend Rondebosch .. .. .. .. .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| Lys 312 Manne-Kommando Observatory .. | 1 | 7 | 6 |
| Bokveld Vroue-Kommando Nieuwoudtville .. | 1 | 7 | 6 |
| Worcester Kommando's .. .. .. .. .. .. .. | 43 | 19 | 0 |
| | £4,451 | 0 | 10 |

**TRANSVAAL TOT 26 SEPTEMBER.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 8,729 | 13 | 6 |
| Kwitansie No. 590 Kommando 12A3 .. .. | 13 | 10 | 0 |
| „ „ 592 Kommando 9A2 .. .. .. | | 7 | 0 |
| „ „ 593 Kommando 13A1 .. .. | 28 | 1 | 0 |
| „ „ 595 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| „ „ 597 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. | | 14 | 0 |
| „ „ 598 Kommando 1C1 .. .. .. | 13 | 15 | 9 |
| „ „ 600 Kommando 8B6 .. .. .. | 7 | 5 | 9 |
| „ „ 1201 Boerenoodhulp Vriendekring Oostelike Voorstede | 13 | 2 | 9 |
| „ „ 1202 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 2 | 2 | 0 |
| „ „ 1203 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 2 | 15 | 0 |
| „ „ 1204 H/Komdt. 1A .. .. .. | 8 | 6 | 8 |
| „ „ 1205 H/Komdt 1A .. .. .. | 2 | 14 | 7 |
| „ „ 1206 Kommando 11C5 .. .. | 1 | 12 | 0 |
| „ „ 1207 Kommando 9A6 .. .. .. | | 12 | 6 |
| | £8,830 | 1 | 6 |

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### SIMPATIE BETUIGING

GRAAG wil ons langs hierdie weg ons innige simpatie en meegevoel betuig aan Adj.-veldkt. en mev. P. W. S. Wentworth van Victoria-Wes met hulle smartlike verlies veroorsaak deur die skielike afsterwe van hulle seun in Port Elizabeth. C. J. SCHOEMAN, Hoof-Komdt., namens **Hoofkommandantskap, Victoria-Wes.**

### GEBOORTE

**LAKER.** — Aan Asst. Veldkornet en mev. Laker, Vredestraat, Bellville, 'n fris Brandwag-dogter, Elsa, op 28 September 1942. Ons innige dank aan verpleegster en suster.

**TRUTER.** — Met die Kreet O.B. is 'n fris Brandwag-dogter op 28 September, aan Asst. Veldkornet en mev. KINNIE TRUTER (Anna Joubert) gebore. Dank aan dokter en verpleegster. **Pampoenkraal Moorreesburg.**

**NEL.** — Aan Kommandant en mev. J. S. Nel (geb. Collie Steyn), Wynberg, op 3 Oktober, 'n fris Brandwag-seun geskenk deur die Heer. Naas die Goeie Gewer dank aan die personeel, Booth-kraaminrigting.

### VERLOWING

**SMIT — VAN AARDE.** — Die verlowing van Veldkornette TRUIDA VAN AARDE en Brandwag HENTIE SMIT, albei van die Malmesbury Kommando's, word hiermee bekend gemaak.

### ONMIDDELLIK BENODIG

FLUKSE ongetroude jong Afrikaner met deeglike kennis van Suiwelboerdery op 'n plaas naby Kaapstad. Salaris £6 per maand met alles vry. Groot vooruitsigte vir eerlike vooruitstrewende jongman. Meld ouderdom. Rig applikasies met getuigskrifte aan: E/T. **Kamer 915, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad.**

### SOUT TE KOOP

**BRANDWAGTE,** om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1 5/-; No. 1 4/6; fyn bottersout 6/6 per sak 200 pond; fyn bottersout 5/6 100 pond; gelaai Soutpan. Martie Venter, Possak Arbeidsloon, Bloemfontein.

### TE KOOP

BEPROEFDE jong **Suffolk-Ram** geteel van ingevoerde Stamboek-ouers. Gewig byna 200 lb., teen £7-10-0 te koop by: **P. S. Bredell, Eendevoëlvlei, Helderberg, Firgrovestasie.**

### TE KOOP

**BOME:** Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. **Bank: Volkskas,** Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.

**BUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

### TE KOOP

**SAAD-AARTAPPELS:**— Koop goeie gesonde saad van **„Up-to-date" en „King of Gartus," — Eiergrootte 21/6, en „Up-to-date"** okkerneutgrootte 20/-. U sal tevrede wees. **V.O.S. Petrusburg. J. F. VENTER, Boesmansput, Petrusburg, O.V.S.**

**BOTTELVORMIG** Speelskeie, 3/6 per paar; Dubbelkop, 5/6 per paar. K.M.B. of K.B.A. gelewer George Stasie. **C. J. Zwiegelaar, Watt's-geboue, George.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**